# WAT GEBEUR HIERNA?

Aharah Familiekerk

## Inleiding

Soos mens groei, verander jou vrae en belangstellings. In die begin van jou lewe ontdek jy baie dinge, maar soos jy ouer word, verander nie net jou liggaam nie, maar ook jou vrae. Aan die begin vra kinders: “Pa waar kom ek vandaan?” Later vra ons vrae m.b.t. vakkeuses, beroepe, sukses ensovoorts. Die belangrikste vraag ooit is: ”Wat gebeur Hierna?” Wat van die ewigheid? Waar gaan my siel die ewigheid spandeer?

Ons leef in onseker tye. Mense het baie vrae, soms meer vrae as antwoorde.

**Watter vrae hoor jy die meeste vandag?**

**Watter vrae is daar in jou gemoed?**

**Raad:** *Soek na ‘n vertroueling, mentor of iemand wat moontlik in daardie gebied meer kennis of ondervinding het en stel jou vrae aan hul. Vra meer as een persoon se opinie. Vra die Here om jou die vermoë te gee om te onderskei tussen die antwoorde. Hoe kan jy dalk hierdie antwoorde toets aan die Woord? Bid vir vrede en wysheid om nie net na antwoorde te luister nie, maar dit te implementeer in jou lewe.*

## Die Ryk man en Lasarus (Lukas 16:19-31)

Om hierdie gelykenis te verstaan, moet mens kyk na die konteks van die gesprek en dit wat aanleiding gegee het, waarom Jesus hierdie gelykenis en ander vertel het. Die aanloop tot die gelykenis begin in Lukas 14. Indien moontlik gaan lees vanaf Lukas 14-16 om die “draad” van die onderrigting van Jesus aan die Fariseërs te vind.

In hoofstuk 14 genees hy ‘n man op die Sabbat tot die ontsteltenis van die Fariseërs en die mens van die “kerk”. Daarna begin hy direk met hul te deel en wys op hulle eie harte en dat hul staat maak om die ewige lewe te ontvang op grond van hul eie pogings en denke, terwyl hul self vol sonde, veroordeling en hoogmoed is. Daarom spreek hy hul aan in die volgende hoofstukke.

KONINKRYK GELYKENISSE

# WAARSKUWENDE GELYKENISSE
# WAT GEBEUR HIERNA?

**Lukas 14:**

- Genesing van die man op die Sabbat – hulle oordeel Hom
- Die voorste plekke – Hoogmoed versus nederigheid
- Die groot maaltyd – Dat God ook heidinne na Hom nooi
- Koste berekening – Dat dit opoffering kos om Hom te volg

**Lukas 15:**

- Verlore skaap – Dat Hy 99 sal los om een verlorene te bereik
- Verlore penning – Dat Hy deeglik en sorgvuldig soek tot Hy verlorenes vind (Hy het gekom om te soek!)
- Verlore seuns – Dat hy oral soek en verhouding wil hê, by die varkbakke en in die huis

**Lukas 16:**

- Onregverdige bestuurder – Dat ons alles in ons vermoë moet doen om Sy Koninkryk uit te brei
- Gesag van die wet – Geldgierigheid van die Fariseërs
- Ryk man en Lasarus – Dat om kind van Abraham te wees nie goed genoeg is nie!

Hierdie gelykenis word dikwels oor geanaliseer en mense raak dinge kwyt wat nie die sentrale waarheid is nie. Die Fariseërs word steeds aangespreek deur Jesus soos vroeër genoem, al hul foute, soos bo genoem, maar ook die feit dat hul deur hul rykdom en sogenaamde rykdom as kinders van Abraham die ewige lewe sou beërwe. Jesus wys hul dat dit nie die maatstaf is nie, maar dat "arm" mense fisies, maar ook volgens hulle standaarde geestelik arm is, welkom is in die arms van vader Abraham.

Hulle het gedink dat hulle geestelik "ryk" is en ere plekke verdien, terwyl hul in wese die Messias verwerp het!

Dit "hak" maklik aan by **Openbaring 3:15-18:** *"Ek weet alles wat julle doen. Ek weet dat julle nie koud is nie, en ook nie warm nie. As julle tog maar koud of warm was! Maar nou, omdat julle lou is, nie warm nie en ook nie koud nie, gaan Ek julle uit my mond uitspoeg. Julle sê: "Ons is ryk, skatryk, en ons het niks meer nodig nie," en julle weet nie dat julle ellendig en beklaenswaardig is nie, arm, blind en kaal. Daarom raai Ek julle aan om by My goud te koop wat deur vuur gelouter is, sodat julle ryk kan word; en koop wit klere, sodat julle julle kan aantrek en julle skande, julle naaktheid, nie gesien word nie; en koop oogsalf om aan julle oë te smeer, sodat julle kan sien."*

# WAARSKUWENDE GELYKENISSE
# WAT GEBEUR HIERNA?

KONINKRYK GELYKENISSE

## Vrae wat ons onsself kan vra:

- ◊ Waarop het die Fariseërs staat gemaak om die Ewige Lewe te kry?
- ◊ Waarop maak mense dikwels staat volgens jou?
- ◊ Waarop maak jy staat?
- ◊ Wat sien jy, of wat spreek met jou hart as jy stadig lees deur die bygaande verse in Openbaring 3?

## Die doderyk

Jesus gee ook in die gelykenis vir ons 'n kykie in die doderyk in daardie tyd. Hy sal nie onwaarhede verkondig nie, selfs in 'n verhaal sal Hy feite deel. Hy kan en sal ons nooit mislei nie.

*Indien jy vrae het oor die doderyk, luister gerus na die "Podcast" van Sondag 14 November. Wat gebeur hierna? Op ons website: www.ahavah.org.za of na die video opname op YouTube, Ahavah Video.*

## Die belangrikste vraag:

Indien ek en jy die Ewige Lewe saam met God in SY teenwoordigheid wil spandeer, moet ons verseker weet, hierdie kant van die graf, voor ons sterf, of ons in verhouding is met HOM!

Daar is net een weg na God en dit is deur Sy Seun Jesus Christus, want Hy is die WEG en die Waarheid en die Lewe. (Johannes 14:6) Niemand kan na die Vader gaan behalwe DEUR HOM nie.

**IS JOU NAAM IN DIE BOEK VAN DIE LEWE EN DIE LAM?**

Maak seker!

Groete,

Marius @ *Ahavah* Familiekerk